S.b
S.d

Magersfontein
Hertzog-prys

# ANDER WENNERS VAN DIE AKADEMIE

Eie Beriggewer

**JOHANNESBURG. — Benewens die Hertzogprys wat deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns aan die skrywer Etienne Leroux vir sy boek Magersfontein, O Magersfontein toegeken is, het die volgende persone ook pryse ontvang:**

Prof. B. J. Meyer van die universiteit van Pretoria die Havengaprys vir Geneeskunde; Prof. P. C. Haarhoff van die departement van Meganiese Ingenieurswese van die Universiteit van Pretoria die Havengaprys vir Fisika; prof. H. J. Schutte, dekaan van die fakulteit lettere aan die Universiteit van Rhodes die Havengaprys vir Wiskundige Wetenskappe; mnr. J. P. Coetzee, voormalige besturende direkteur van Yskor die M. T. Steyn-prys vir natuurwetenskaplike en tegniese prestasie; prof. P. C. Haarhoff en dr. J. F. Kemp die S.A.S. en H-prys vir hul artikel Energievoorsiening in Perspektief; prof. S. A. Louw, voorheen verbonde aan die Universiteit van Pretoria, die C. J. Langenhoven-prys.

Nog een van die pryswenners is prof. Piet Cillie, voorsitter van die direksie van Nasionale Pers, wat Die Volksblad uitgee, en hoogleraar in joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy kry die Markus Viljoen-medalje vir joernalistiek.

Geen prys is toegeken vir die afdeling vir radiohoorbeelde nie. Dr. Jan Spies en mnr. Koos Roets het die S.A.U.K.-prys in die afdeling vir Afrikaanse dokumentêre programme vir beeldradio gekry vir hul reeks oor Suidwes. William Faure het dieselfde prys ontvang vir The Dancer.

Edoardo Villa het die erepenning van die Akademie vir beeldhoukuns gekry. Mnr. Gideon Fagan van Bettysbaai wen die akademie se erepenning vir musiek. Mnr. J. A. Meiring, direkteur van Onderwys in die Vrystaat en mnr. Harry Getliffe van Natal wen die erepenning vir wetenskaplike vakbevordering.

Prof. J. J. Oberholster, direkteur van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, ontvang 'n besondere erepenning vir geskiedenisbevordering, Dr. Albert Werth, hoof van die Pretoriase Kunsmuseum, wen 'n besondere erepenning vir kunsbevordering.

Prof. F. Smuts van Stellenbosch ontvang 'n besondere erepenning vir kultuurbewaring. Dr. W. J. B. Serfontein, voorsitter van die komitee wat werksaam was met die nuwe Psalm- en Gesangeboek ontvang 'n besondere erepenning

Prof. T. N. Hanekom ontvang die Stalsprys vir Teologie.

Eveleen Castelyn ontvang die Eugéne Marais-prys vir haar bundel Tussen Hemel En Aarde.

Tienie Holloway (Postuum) ontvang die Tienie Holloway-medalje vir haar bundels Versies van Tienie Holloway en Rympies Van Tienie Holloway.

Prof. H. van der Merwe Scholtz van Stellenbosch ontvang die Gustav Preller-prys vir literatuurwetenskap.